In drie werke van Albrecht Dürer, *Die Ruiter, Melangolia* en *Jeroen*, sien dr. Holm 'n uitbeelding van die moed, die wete en die geloof. Grünewald se *Isenheimer altaar* (Kolmar) is 'n simbool vir die uiterlike en innerlike reiniging van die mens. Ten slotte waag hy 'n toeskrywing vir elkeen van die figure op Rafael se *Skool van Athene en Parnassus* in die Stanza della segnatura in die Vatikaan.

Sommige verklarings wat dr. Holm van die werke gee, is aanneemlik, veral by die werke van Dürer en Grünewald. Maar, soos in die voorwoord vermeld word, probeer skrywer sy doel bereik sonder al te veel wetenskaplike apparaat. Dit is baie jammer. Dr. Holm is baie belese, aan elke hoofstuk (behalwe oor Rafael) is 'n kort bronnelys toegevoeg waaronder die meer onlangse belangrike publikasies wat op die hoofstuk betrekking het, genoem word.

Wanneer ons ons beperk tot die hoofstuk oor Bosch en die mening wat dr. Holm hierin benadruk, sou dit interessant wees om dit te kan vergelyk met ander skrywers. 'n Poolse skrywer het in 'n tydskrifartikel die drieluik in verband gebring met astrologie (*Material for the Iconography of Hieronymus Bosch's Triptych the Garden of Delights*, in: *Studea Muzcaine* V, 1966, bl. 49-95). Dr. Holm kom tot dieselfde gevolgtrekking en mens sou graag wil weet in hoever die menings van R. Biedrzynski, A. Spyschalska-Boczkowska en dr. Holm ooreenkom (werke in Boedapest (kopie) en Madrid).

Die oplossings waartoe dr. Holm kom, is noodsaaklik eensydig, soos ons dit telkens in die kunsgeskiedenis en die geskiedenis weer aantref. Maar, waar prof. J. Bruyn so 'n oplossing soos een van 'n aantal invloede en oplossings beskou, bring dr. Holm dit vol konsentrasie na die voorgrond. Die voorstelling dreig om uit verband geruk te word.

Die taalgebruik is duidelik en ondanks die filosofiese probleme is die boek maklik leesbaar. Ek maak beswaar teen die woord verwulf wanneer *gewelf* bedoel word, sekerlik wanneer dit ook nog in byvoeglike sin gebruik word. Die boek is netjies gedruk, die afbeeldings is duidelik; die grys buiteband maak 'n aantreklike indruk.

F. G. E. Nilant.

## BOEKE ONTVANG VIR BESPREKING

Brampton, C. K., *History teaching atlas*, and note book of British and world history from the earliest times to 1960 completely revised and redrawn. 30s, pp. 80. Wheaton, A member of the Pergamon Group, Exeter, 1968.

Helm, P. J., *England under the Yorkists and Tudors* 1471-1603. (The Bell Modern Histories Series). 37s 6d, pp. XII. 372. G. Bell and Sons, Ltd., 1968.

Ludock, Elizabeth, *The reign of the Conqueror*. (Illustrated by David Haris). 17s. 6d. pp. VII, 168. Wheaton, a member of the Pergamon Group, 1968.

Oberholster, J. J., *Eeufeesgedenkboek van die N.G. Gemeente, Jacobsdal*, 1860-1960. pp. 152. Uitgegee deur die N.G. Gemeente Jacobsdal en gedruk deur die Sentrale Pers, Bloemfontein, 1960.

Opperman, D. J., *Voëlvry*. Kroniekspel van 'n voortrek. Pp. 80. Human en Rousseau, Kaapstad en Pretoria, 1968.

Pretorius, W. G., *Die Kommunisme. Fabel en feit*, R3, pp. 399. Voortrekkerpers, Johannesburg, 1968.

Van Wyk, At, *Kniel, krygsman*. Genl. C. R. de Wet — 'n historiese roman, pp. 319. Buren-uitgewers, Kaapstad, 1968.